education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2009

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2009 gebaseer is, wat soos volg is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG IN DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?

   - USSR/VSA – skep van belangesfere

   VRAAG 2: HOE IS UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA VERWERKLIK?

   VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VAN DIE 1960's TOT 1990 TE VOORSKYN GEKOM?

   - Fokus 1960's: Burgerregtebeweging in die VSA

   VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT 1990 TE VOORSKYN GEKOM?

   - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.

3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.

4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.

5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Vrae moet beantwoord word deur na die Addendum te verwys.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: HOE HET BERLYN DIE MIDDELPUNT VAN DIE OOS-WES-KONFLIK IN EUROPA GEWORD?

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord:

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die VSA, Brittanje, Frankryk en Sowjet-Rusland by Berlyn betrokke geraak het. (2 x 2) (4)

1.1.2 Verduidelik die botsende politieke ideologieë van die VSA en Sowjet-Rusland. (2 x 2) (4)

1.1.3 Wat, dink jy, was die trekpleister wat mense van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn laat oorloop het? (2 x 1) (2)

1.1.4 Hoekom, volgens Sowjet-Rusland, moes die Berlynse Muur gebou word? (1 x 2) (2)

1.1.5 Met verwysing na die foto, beskryf hoe die spanning in Berlyn na die bou van die Muur verhoog het. (2 x 1) (2)

1.1.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die Koue Oorlog in Europa navors. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Hoe is Noffke op 13 Augustus 1961 van sy vrou en dogter geskei? (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik of Noffke se besluit om sy gesin na die Weste te smokkel, geregverdig kan word. (1 x 2) (2)

1.2.3 Watter onthulling oor Oos-Duitsland se geheime polisie, die Stasi, word in hierdie bron openbaar? (2 x 1) (2)

1.2.4 Hoekom, dink jy, kan die optrede van Oos-Duitsland se geheime polisie nie geregverdig word nie? (1 x 3) (3)

1.2.5 Hoe is die mense van Oos-Duitsland gedwing om aan 'n politieke ideologie onderdanig te wees? (1 x 2) (2)

1.2.6 Verduidelik hoe betroubaar hierdie bron vir 'n joernalis sal wees wat oor die wreedhede wat deur die Oos-Duitse geheime polisie gepleeg is, verslag doen. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Hoekom was Oos-Duitsland tevrede om buitelanders toe te laat om die Muur oor te steek en die land binne te kom? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik of die bou van die Muur tot Oos-Duitsland se voordeel was. (1 x 2) (2)

1.3.3 Hoekom, dink jy, het die Weste Oos-Berlyn met wantroue en agterdog bejeën? (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Berlynse Muur die regte van alle gewone Duitse burgers geskend het. (6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Verduidelik hoe Berlyn die middelpunt van Oos-Wes-konflik in Europa geword het. (30)

**OF**

1.5.2 Jy is 'n joernalis wat oor die Koue Oorlog-tydperk verslag doen. Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou plaaslike koerant waarin jy verduidelik hoekom Berlyn 'n nagmerrie vir die mense van Duitsland geword het. (30)
**[75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE UITDAGINGS VAN ONAFHANKLIKHEID GHANA SE TOEKOMS VAN HOOP NA WANHOOP VERANDER?**

Gebruik Bron 2A, 2B en 2C om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Hoe is die geboorte van 'n nuwe nasie, Ghana, gevier? (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom is daar na Ghana as die 'jongste lid van die Britse Gemenebes van Nasies' verwys? (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik of dit gepas is om die woord 'rewolusie' te gebruik om Ghana se onafhanklikheid te beskryf. (1 x 2) (2)

2.1.4 Verduidelik hoekom jy dink dat daar baie optimisme oor Ghana se toekoms as 'n nasie was. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Haal inligting uit die bron aan om te bewys dat Ghana vinnig in die 1970's agteruitgegaan het. (1 x 2) (2)

2.2.2 Wat was die redes vir Ghana se vinnige agteruitgang? (2 x 1) (2)

2.2.3 Gebruik jou eie woorde om die begrip *swartmark* te verduidelik. (1 x 3) (3)

2.2.4 Hoekom, dink jy, was die mense verplig om hulle tot die swartmark te wend? (1 x 2) (2)

2.2.5 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die uittog van onderwysers Ghana sou beïnvloed het. (2 x 2) (4)

2.3 Vergelyk Bron 2A en Bron 2B en lewer kommentaar oor die kontras in Ghana se rykdomme. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer Bron 2C.

2.4.1 Hoe beeld die spotprenttekenaar Ghana se onafhanklikheid van Brittanje uit? (1 x 2) (2)

2.4.2 Verduidelik waarom jy dink dat die manier waarop die spotprenttekenaar die gebeure uitbeeld, toepaslik is. (2 x 2) (4)

2.4.3 Wat is die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat Ghana se uitdagings sedert onafhanklikheid navors? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.5 Vergelyk Bron 2A en 2C. Hoe vul hierdie bronne mekaar aan ten opsigte van Ghana se toekoms? (2 x 2) (4)

2.6 Jy was 'n jong onderwyser vol hoop en optimisme ten tye van Ghana se onafhanklikheidsviering in 1957. Teen die 1970's het jy besluit om Ghana te verlaat.

Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy jou redes waarom jy Ghana verlaat, verduidelik. (6)

2.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.7.1 OF VRAAG 2.7.2.

2.7.1 Bespreek die uitdagings wat Ghana na onafhanklikheid in 1957 in die gesig gestaar het. (30)

**OF**

2.7.2 Jy is as raadgewer vir 'n nuutverkose regering in Ghana aangestel.

Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag waarin jy verduidelik hoekom Ghana se toekoms vanaf die tyd van onafhanklikheid van hoop na wanhoop verander het. (30)

**[75]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's VERANDERING BEÏNVLOED?**

Gebruik Bron 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Wat het aanleiding gegee tot die ontstaan van die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika? (1 x 2) (2)

3.1.2 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik die volgende begrippe:

(a) Onderdrukking

(b) Stemreg (2 x 2) (4)

3.1.3 Verduidelik die verwysing na 'suidelike state'. (1 x 2) (2)

3.1.4 Hoe het die Swartmagbeweging die Burgerregtebeweging ondersteun? (1 x 2) (2)

3.1.5 Wat kan jy aflei van die stelling '... omdat die stryd oor veel meer as net burgerregte onder die wet gegaan het'? (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Noem die TWEE strategieë wat deur die Burgerregtebeweging in 1960 en 1965 gebruik is. (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik die begrip *burgerlike ongehoorsaamheid*. (1 x 2) (2)

3.2.3 Wat het private burgers laat besluit om verskillende strategieë te gebruik in die burgerregtestryd? (2 x 2) (4)

3.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die dade van burgerlike ongehoorsaamheid tot krisisse gelei het. (1 x 2) (2)

3.2.5 Wat was die TWEE belangrikste prestasies van die Burgerregtebeweging? (2 x 1) (2)

3.2.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die Burgerregtebeweging in die VSA ondersoek. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Wat let jy op oor die mense in hierdie foto? (1 x 2) (2)

3.3.2 Noem DRIE eise wat die beplanners van die optog wou aanspreek. (3 x 1) (3)

3.3.3 Verduidelik waarom jy dink die optog na Washington van groot belang was. (1 x 2) (2)

3.4 Vergelyk Bron 3B en 3C en verduidelik hoe Bron 3B deur die inligting in Bron 3C aangevul word. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoekom die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika doeltreffend was. (6)

3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.6.1 OF VRAAG 3.6.2.

3.6.1 Bespreek hoe die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's verandering beïnvloed het. (30)

**OF**

3.6.2 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir jou plaaslile koerant waarin jy verduidelik hoe die burgerregtestryd Afro-Amerikaners uiteindelik bevry het. (30)
**[75]**

**VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING GEPOOG OM VERANDERING IN SUID-AFRIKA TE BEÏNVLOED?**

Gebruik Bron 4A, 4B, 4C en 4D om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik wat met die begrip *Swart Bewussyn* bedoel word. (1 x 3) (3)

4.1.2 Verduidelik die implikasies van die stelling, 'Jy is ontwortel'. (1 x 2) (2)

4.1.3 Verduidelik hoekom hierdie bron vir 'n historikus wat Swart Bewussyn ondersoek, betroubaar is. (2 x 2) (4)

4.2 Lees Bron 4B.

4.2.1 Hoe, volgens die bron, het Swart Bewussyn blanke mag uitgedaag? (1 x 2) (2)

4.2.2 Hoekom was die Swartgemeenskapsprogramme belangrik? (1 x 2) (2)

4.2.3 Hoe het die blanke regering destyds die Swartbewussynsbeweging ervaar? (1 x 2) (2)

4.2.4 Verduidelik of die Swartbewussynsbeweging suksesvol was in die verwesenliking van sy doelstellings. (1 x 2) (2)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Hoe weerspieël hierdie spotprent Steve Biko se filosofie? (1 x 3) (3)

4.3.2 Verduidelik die betekenis van die woorde, 'Apartheid het hom doodgemaak, maar hulle kon nie sy idees doodmaak nie'. (1 x 3) (3)

4.3.3 Wat, dink jy, was die spotprenttekenaar se bedoeling om die verband tussen die kind en Steve Biko op hierdie manier (swart en trots) uit te beeld? (1 x 2) (2)

4.3.4 Verduidelik die toepaslikheid van hierdie bron vir 'n historikus wat Biko en Swart Bewussyn bestudeer. (2 x 2) (4)

4.4 Lees deur Bron 4D.

4.4.1 Watter indruk het Steve Biko op Duncan Innes gemaak? (2 x 1) (2)

4.4.2 Verduidelik hoekom Biko geregverdig was om NUSAS se resolusie te verwerp. (2 x 2) (4)

4.4.3 Hoekom, dink jy, was Duncan Innes 'totaal deur sy toespraak betower'? (2 x 1) (2)

4.4.4 Wat vertel die woorde, ''n Vlaag hartseer het my daardie verskriklike dag oorweldig', jou van Duncan Innes se siening van Steve Biko? (1 x 2) (2)

4.5 Verwys na Bron 4C (spotprent) en Bron 4A, 4B en 4D (geskrewe bronne). Verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) watter EEN van die geskrewe bronne Bron 4C die beste ondersteun. (6)

4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.6.1 OF VRAAG 4.6.2.

4.6.1 Verduidelik hoe Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging gepoog het om veranderinge in Suid-Afrika te beïnvloed. (30)

**OF**

4.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou geskiedenistydskrif oor hoe belangrik Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika is. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou